Op daardie vergadering is planne vir die nuwe Poskantoorgebou op die suidelike deel van die Wesfasade goedgekeur. Maar die Transvaalse Provinsiale Administrasie se voorgestelde beplanning vir die suidelike deel is afgekeur. Die TPA is toe versoek om weer 'n plan voor te lê.

Onlangs het oud-regter Kowie Marais, 'n lid van die Kerkpleinkomitee, dit so gestel: „Die Kerkplein-komitee het as sodanig nog nooit die plan om die hele Wesfasade te sloop, goedgekeur nie.” Daarby meen hy die benodigde ruimte vir die nuwe geboue vereis beslis nie die slooping van die Wesfasade nie.

'n Vlag van kritiek is opnuut ontketen nadat die Minister se verklaring bekend geword het. Die vegters vir die behoud van die Wesfasade voel sterk dat die geheelbeplanning van die Wesfasade nou nie geopenbaar is soos oorspronklik onderneem is nie en derhalwe nie aanvaarbaar nie.

Mnr Piet Muller van die Burgerkomitee sê die komitee sal vandag 'n verklaring uitreik. Hy vind dit egter vreemd dat die Minister geen datums vir die slooping genoem het nie Volgens hom lyk dit of die beplanning nou „net op een been” staan. Sal die ander oop deel aan die suidekant dan nou 'n parkeerterrein word? wil hy weet.

Dr W H J Punt, 'n oud-direkteur van die Stigting Simon van der Stel en 'n ou inwoner van Pretoria het gesê dit is 'n uiters betreurenswaardige besluit. Hy vra ook of die oop ruimtes dan net parkeerterreine sal word.

Mnr Hannes Meiring, lid van die bewaringskomitee van die Provinsiale Instituut van Argitekte, het gesê dat 'n gulde kans verlore gaan om vir die hele wêreld te toon watter hoë beskawingspeil Transvaal reeds in die vorige eeu geniet het. „Die geslagte wat kom, sal hierdie besluit nooit begryp nie en veral ook omdat dit so onnodig is,” het hy gesê.

Beeld,
20 Januarie 1977

Stootskrapers kom nog lank nie! Dis onwettig!

MARTIN WELZ

Die slooping van die historiese geboue op Pretoria se Kerkplein is geen voldonge feit nie. Vandeesweek het dit aan die lig gekom dat dit waarskynlik onwettig sal wees om twee van die sewe geboue te sloop. Terselfdertyd het die Provinsiale Administrasie bekend gemaak dat dit twee of drie jaar sal duur voordat hy sy drie geboue sloop.

Posterye se aankondiging vandeesweek dat hy nog vanjaar met die slooping van sy vier geboue sal begin, het bewaringsmense onmiddellik aan die werk gesit om 'n groot nasionale vergadering te reël waar landwyse steun vir 'n bewaringsveldtog gevra sal word.

„Die doodvonnis is oor Kerkplein uitgespreek, maar nou pleit ons om genade,” het een van die organiseerders gesê. „Ons probeer gesamentlik uiting gee aan die nuwe bewaringsgees wat oor die land trek, al is dit net om te keer dat so iets weer gebeur.”

Uit betroubare bronne in Pretoria is verneem dat die slooping van twee van die geboue van die Wesfasade, die ou Nasionale Bank en die Nederlandse Bank, onwettig sal wees aangesien die Kerkplein-komitee dit nog nooit amptelik oorweeg het nie.

Die wetgewing waarvolgens die Kerkplein-komitee in 1972 ingestel is, vereis dat die Minister van Openbare Werke eers alle voorgestelde veranderinge of planne aan die komitee moet voorlê voordat enige besluite geneem word.

Die Regering het al in 1971 op aanbeveling van 'n ander informele komitee in beginsel aanvaar dat die twee ou bankgeboue behoue sal bly. Op die laaste planne, wat in 1973 aan die Kerkpleinkomitee voorgelê is, word die bankgeboue nog behou. Dié plan is toe eenparig deur die komitee aanbeveel.

Kort hierna het ses van die nege komiteeledede van plan verander en hul steun toegesê aan die slooping van die twee geboue. Die ander drie lede het nog steeds die bewaring daarvan gesteun.

In 1974 is aangekondig dat die Regering die aanbevelings van die komitee aanvaar het en dat al die ou geboue, insluitende die banke, gesloop sal word. Nou word beweer dat die ses komiteeledede se meningsverandering nie op 'n wettige komiteevergadering uitgespreek is nie en dus onwettig was.

Mnr. Sybrand van Niekerk, Administrateur van Transvaal, het vandeesweek gesê dat die Administrasie se drie geboue nie meer in een veeg saam met al die ander – „in een stofwolk” – gesloop sal word nie. (Een van hierdie drie is die Nederlandse Bank).

„Ons het 'n geweldige tekort aan kapitaal en uitbreidings aan die Administra-

sie se geboue is nie een van ons prioriteite nie," het hy verduidelik.

Argitekthe is eers 'n maand of wat gelede aangestel om voorlopige planne vir die Administrasie op te stel en na verneem word, het die Administrasie nog nie eens sy behoeftes „klaar geformuleer" nie.

Daar is ook nog nie geld vir die sloping bewillig nie.

Ondanks die feit dat die nuwe Poskantoor-gebou teen die aanbevelings van die Driesschen-verslag indruis, meen die Poskantoor dat hy die publiek die beste kan dien deur op sy „tradisionele plek" op die plein te bly en al sy werk, insluitend die massa-sortering van pos, daar te doen.

Dit is nodig om al die ou geboue te sloop sodat die poskantoor die publiek gerieflik op grondvlak kan bedien, sê mnr. Francois Theron, adjunkposmeester-generaal.

Bewaarders meen dat die poskantoor al sy administratiewe en massa-geriewe nader aan die stasie in 'n baie goedkoper gebou kan huisves, en so ook die stad se verkeersprobleme kan verlig. Maar mnr Theron sê dié keer bou die poskantoor 'n gebou wat vir altyd sal kan staan, en wie wil nou op een plek sy briewe gaan haal, en sy pakkies by 'n ander?

Pretoria se burgemeester, mnr H P Botha, sê: „Ons is nog nooit gevra om kommentaar te lewer oor die doeltreffendheid en wenslikheid al dan nie van die voorgestelde geboue nie, daarom sal ek nie kan sê nie. Die saak is uit die publiek se hande geneem, en nou moet die Staat maar self die verantwoordelikheid daarvoor neem.

„Ek sou graag die voorste lokale van die ou geboue wou behou het en bly baie jammer oor die slopingsbesluit," het mnr Botha gesê.

Die poskantoor sal na verwagting nie voor Augustus vanjaar met sloping kan begin nie. Intussen – en dalk nog daarna – duur die bewaringstryd voort.

Rapport,
23 Januarie 1977

Burgerkomitee bly by standpunt

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein bly by sy standpunt dat daar geen regverdiging bestaan dat die kulturele erfenis van die Suid-Afrikaanse volk soos onder andere verteenwoordig deur die Wesfasade van Kerkplein deur owerheidsbesluite vernietig hoef te word nie.

Die behoud van die Wesfasade het reeds lank 'n landwyse aangeleentheid geword waarin derduisende Suid-Afrikaners van alle bevolkingsdeelties voel dat hierdie

unieke tasbare bewys van ons land se geskiedenis bewaar behoort te word.

Wêreldbekende kenners het reeds dikwels hulle verbasing uitgespreek dat dit hoegenaamd oorweeg kan word dat so 'n unieke eenheid van geboue uit verskillende tydperk en boustyle gesloop kan word. Vandag meer as ooit tevore het die mens dwarsdeur die beskaafde wêreld 'n behoefte aan 'n identiteit waaraan hy kan vashou en wat in hierdie geval deur die sloping van die Wesfasade van Kerkplein vernietig word.

As daar met die sloping voortgegaan word, sal die toekomstige geslagte die besluit om te sloop nooit kan verstaan of verskoon nie.

Hofbevel kan fasade red

Die verkryging van 'n hofbevel vir die behoud van die Nasionale Bank en die Nederlandse Bank van die Wes-fasade van Kerkplein kan moontlik die twee historiese geboue van die stootskrapers red.

Oud-regter Kowie Marais, lid van die Kerkplein-komitee en nasionale voor-sitter van die Suid-Afrikaanse Kunstvereniging, het in Pretoria gesê enige persoon wat „belang by Kerkplein het" mag 'n hofgeding oor die sloping van die twee geboue van stapel laat loop.

Só 'n stap deur 'n belanghebbende persoon kan die sloping van die geboue of baie lank uitstel of heeltemal afstel.

Regter Marais het kommentaar gelewer op die waarskynlikheid dat dit onwettig sou wees as die twee ou banke saam met die ander geboue gesloop word.

Kerkplein-wet

Die Kerkplein-wet, waarvolgens die Kerkpleinkomitee in 1972 ingestel is, vereis dat die Minister van Openbare Werke alle voorgestelde planne en veranderings aan die komitee moet voorlê vir advies alvorens besluite geneem word. In 1971 reeds het die Regering op aanbeveling van 'n informele komitee in beginsel aanvaar dat die twee bankgeboue behoue sal bly.

Die Kerkplein-komitee het in 1973 aanbeveel dat die twee geboue wel behoue bly. Dit het egter kort daarna gebeur dat ses van die nege komiteelede besluit het dat die twee banke ook gesloop moet word.

Die ses komiteelede se meningsverandering is na bewering nooit op 'n wettige komiteevergadering uitgespreek en genotuleer nie.

In 1974 is egter aangekondig dat die Regering die aanbevelings van die komitee aanvaar het en dat al die ou geboue, insluitende die twee banke, gesloop sal word.

Dit het bekend geword dat die Provinsiale Administrasie twee na drie jaar sal neem voor hy sy drie geboue sloop, terwyl die Posterye gesê het daar word nog vanjaar in Augustus met die sloping van sy vier geboue begin.

Die finale planne vir die nuwe aansig van die Wes-fasade van Kerkplein is bekend gestel met 'n model van 'n hipermoderne poskantoorgebou van sowat R25 miljoen.

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en die Restourasie van Kerkplein het hom toe sterk teen enige verdere vernietiging van die Fasade uitgespreek en gesê: „As daar met die sloping voortgegaan word, sal die geslagte wat kom, die besluit om te sloop nooit kan verstaan of verskoon nie."

Die behoud van die twee ou banke is nou in die weegskaal en kan moontlik deur die verkryging van 'n hofbevel gered word.

Die Beeld,
26 Januarie 1977

Square facade fighters hit a brick wall

Top-level government and council officials have refused a call by Pretoria citizens of every electoral ward in the city for a meeting on Church Square's western facade.

The Mayor, Mr Hendrik Botha, said a letter would be sent today to the Old Pretoria Society – the organisation which initiated the call – informing the society of the decision.

“The letter made it clear that in the light of the present circumstance there is no purpose in having a public meeting,” he said today.

Mr Botha said the decision had been taken after consultations with the Prime Minister, Mr Vorster.

He confirmed that he had met the Prime Minister on October 20 to discuss the call for a public meeting which was contained in a petition presented on July 28. A total of 280 people from every electoral district in Pretoria and from more than 40 suburbs signed the petition.

The Pretoria News,
November 2, 1976

Vir oulaas

Mag 'n mens vir oulaas nog iets sê oor Kerkplein? Nie meer in die hoop dat jou stuiwer in die armbeurs iets sal red nie – daarvoor is dit skynbaar nou vir goed te laat. Maar 'n mens vra jouself af, so tuss-

sen die stofwolke en gebrul van kruip-trekkers deur: hoe lyk 'n kultuurerfenis uiteindelik as hy keer op keer moet swig voor die koue rede van komitees?

Die redes hoekom sekere geboue op die Plein gesloop moet word, is gegee. Wat 'n mens bekommer is dat hierdie redes van ons bekwaamste argitekte ewe min oortuig het as vir diegene wat suiwer om sentimentele redes die geboue wou red. En daardie argitekte ken tog darem seker hulle storie.

In stede soos Parys en Londen word geboue waarvan party mure al letterlik 'n slag omgeval het, met betonpilare en bewapening regop gehou. En hierdie geboue staan op ongelooflike duur persele in die hartjie van die stad. Dit sou baie makliker en winsgewender gewees het om daardie ou geboue te sloop en in hulle plek toringblokke op te rig. Die voordele aan so 'n nuwe gebou is só voor die hand liggend en só talryk dat 'n mens nie eens die moeite wil doen om dit op te noem nie. Dit spreek eenvoudig vanself.

Maar nee, die geboue word bewaar. En hulle word bewaar ondanks die feit dat daar letterlik dosyne van hulle is.

Pretoria sit met nog net 'n handjievol historiese geboue. Maar tog word daar praktiese en ekonomiese redes gevind wat swaarder weeg as sentiment.

Goed. Wat Kerkplein betref, is die saak verlore. Maar ons wil by die beginsel uitkom wat in hierdie saak gegeld het – of toe nie gegeld het nie. Hoe magtig kan die burokraat word? Want dit moet ons weet: word sy woord die laaste woord, bly daar dikwels waardevolle dinge in die slag. Die burokrasie het nog nooit tyd of plek of pryswoord gehad vir abstrakte waardes nie.

Die slopers van Kerkplein weet dat hulle optree teen die wil en die wens van die meerderheid. En hulle gaan voort daarmee met 'n arrogansie wat Jan Alleman verstom. Die vraag is: hoe bevorderlik is dit vir 'n goeie verstandhouding tussen 'n publiek en sy administrerders? En: hoe laat in die dag is dit wanneer 'n goue erfstuk gesmelt moet word ter wille van die munt wat jy daaruit kan slaan?

Die gebrul van kruiptrekkers op Kerkplein gaan vir bitter min mense die klank hê van vooruitgang. Vir die meeste van ons gaan dit die verlies beteken van iets wat vir ons kosbaarder was as geld.

Dit sal meer wees as bloot die verlies van 'n gebou. Dit sal die verlies beteken van iets wat skaars met woorde uit te spel is.

Beeld

Opportunity lost

The announcement that all the buildings comprising the north-western facade of

Church Square are to be demolished to make way for a new post office complex sets the seal on an opportunity lost.

Pretoria has been expecting for some time that action would be taken on the Prime Minister's statement that the decision to replace the western facade had been taken at a Cabinet level and was final. That seemed to be that.

But the extent to which that decision ran counter to the wishes of Pretoria's people was shown by the vigour with which campaigns to save the western facade were pushed forward.

Until the day the bulldozers moved in the fight would go on.

But the bulldozers' engines are being warmed up at last. The good fight has been fought and lost. Which is a pity. Cultural and historical ties apart, many of the plans put forward for the future of the Square were more imaginative than the Government's. The Square, had its historic character been positively exploited, could have been a credit to the capital city and the nation.

The Pretoria News,
January 20, 1977

Square facade will crash in May

LEON MARSHALL

The programme for the demolition of the Square's historic western facade was given recently by the Minister of Public Works, Mr A L Schlebusch whose department will undertake the work for the Post Office.

In March tenders will be put out for the demolition of all the buildings north of Church Street, except the Post Office.

The tender period usually is two months, and the time given for demolition is three months.

Demolition could thus start in May and be completed by July.

Tenders for excavation of the sites of the old buildings will be put out in June. Twelve months will be allowed for this.

In May next year tenders will be put out for the start of the building project.

Only during 1979 will demolition be started on the present post office building.

Budget for the total project is R25-million, which includes demolition and construction.

Mr Schlebusch could not say whether the Government would provide any assistance to a plan to reconstruct the old buildings elsewhere.

He said this could only be considered if a request in this regard was received.

It was announced yesterday that the plans for the new post office complex on the historic Square have been approved.

The Minister said in his statement that the design of the proposed new building was aimed at integrating it with the existing nearby buildings.

To reduce the visual height of the new building and create a relation with the three floors of the Palace of Justice and the Raadsaal, the fourth and fifth floors were to be set back from the building facade while the sixth and seventh floors were provided for on the northern side, where they would to a large extent be hidden from the eye by the Palace of Justice, he said.

The Pretoria News,
January 20, 1977

Sloopkoeël is deur fasade

Die finale planne vir die nuwe aansig van die Wesfasade van Kerkplein is onlangs bekend gemaak met 'n model van 'n hipermoderne poskantoorgebou van sowat R25-miljoen.

Die reaksie teen die planne het reeds ingestroom.

Maar die koeël is deur die Wesfasade. Die stootskrapers gaan in Mei vanjaar begin sloop – jare reeds die middelpunt van bespreking tussen die stadsbeplanners en ander.

Die burgerkomitee vir die bewaring en die restourasie van Kerkplein het hom sterk teen enige verdere stap in die vernietiging van die fasade uitgespreek en gesê: „As daar met die slooping voortgegaan word, sal die geslagte wat kom die besluit om te sloop nooit kan verstaan of verskoon nie.”

Die nuwe poskantoorgebou waarvan 'n voorlopige model in die poskantoor se besit is, is 'n moderne gebou met 'n toringgedeelte wat sowat sewe verdiepings bo die plein sal uittoon. Die oos-aansig van die gebou sal van rooibaksteenpanele wees om by die kleur van die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie aan te pas.

Die Minister van Openbare Werke en Immigrasie, mnr A L Schlebusch, het bekend gemaak dat die oprigting van die nuwe gebou sowat R25-miljoen sal kos. Dit sal egter oor 'n lang tydperk betaal word.

Die nuwe planne het die gedagte van toringblokke van die poskantoor en die Provinsiale Administrasie die nek ingeslaan.

Besware teen die nuwe voorstelle is dat daar geen aanduiding gegee is van hoe

die res van die Wesfasade sal lyk nie. 'n Poskantoor-woordvoerder het *Beeld* egter verseker dat die ander geboue met deeglike inagneming van die geheelbeeld van die plein beplan is. Dit is nog nie bekend wanneer die hele Wesfasade se nuwe aansig bekend sal word nie.

In kultuurhistoriese kringe het die nuwe gebou groot lof ontvang. 'n Professor in die kultuurgeskiedenis by die Universiteit van Pretoria, prof F A van Jaarsveld, het die planne as „aantreklik en aanvaarbaar” beskryf.

Hy het gesê die Plein is reeds onherroeplik geskend met die oprigting van die TPA-gebou 'n paar jaar gelede. Pretoria moet egter met vooruitgang tred hou, en die nageslag sal ons dankbaar wees dat ons 'n deeltjie van vandag se kultuur ook in die Plein aangebring het.

„Wat is sewentig of selfs honderd jaar in 'n volk se geskiedenis,” het die professor gevra. „In historiese perspektief gesien is die nuwe fasade deel van die kultuur van Kerkplein.”

Beeld,
21 Januarie 1977

Die stootskrapers vs liggame

MARTIE RETIEF

SKOK, beskryf ene dit oor die telefoon, vang jou mos snaaks. Dit slaat eers op die maag, en dan trek dit kop toe. As dit erg is, skrik jy jou eers stom. Na daardie stomskok, dan kom die woorde.

En toe kóm die woorde.

„Dis tog onmoontlik,” sê Annette Schoeman, wat haarself as 'n „ou onderwyseressie op Randburg” beskryf, „dat hulle Kerkplein wil platmaak. Ek vertel my skoolkinders dan daarvan in geskiedenis.”

Die stomskok na die Kerkplein-verklaring was van korte duur. Die woorde wat so gerol het, het eienaardig genoeg, niks meer gesê oor „inflasie”, „onekonomies” of „te duur” nie. Dis baie duidelik, het Bunny Brits dit verklaar: dis nou biedem met die inteltek en al die ou goeie, oortuigende argumente wat maar net nie wil oortuig nie – dis nou die emosie wat uitgestort word.

Hyself het al tien jaar gelede, net na sy terugkeer uit München as argitek, begin pleit vir die behoud van die Wesfasade. Vir hom was dit simbool van die beskawing wat hy verteenwoordig.

„Uiteindelik is dit die hart wat saak maak. Ons sal ons wortels afsny as ons daardie Wesfasade afbreek; ons sal sommer goedsmoeds dit wat bewys wie ons is, weggooi.”

En toe vertel hy my van Athene. Hy het soheentoe gegaan om iets van antieke Athene te sien, die glorieryke Athene.

Wat hy gesien het, was 'n stad wat oënskynlik oor die laaste tien jaar gebou is. Toe is hy sommer voor sy vakansieweek om was voort.

'n Baie bitter oproep het gesê dat politiek die stryd om die Wesfasade vuil gemaak het. „Ons gee vir ons erfenis om. Ons wil ons verlede eer – en dan word ons vir HNP uitgekryt. Dis vuil spel in my taal.” Hierdie man is bekend en het al baie vir ons kulturele lewe gedoen en ek eer sy versoek om nie sy naam te noem nie.

Spokerig

Op 'n amper spokerige manier moes Roelf Botha se boeiende bewaringspraatjies net vóór die nuus gisteroggend Kerkplein insluit!

„Dit is die verhoog van die epos van ons vreugde en smart,” het hy die waarde van die plein verduidelik. Kan iemand hierdie stelling bevraagteken?

Identiteit

Opvallend ook was die aantal argumente gister oor die „identiteitskrisis”. Bessie het Junie, 1976, iets aan die bewuste van die Suid-Afrikaner gedoen. „Jy't self gesê jy kyk nou na jou land en jou goed met nuwe oë, en kan jy ontken dat jy nie groter waarde aan alles wat jy is, heg nie?” het Marius Greyvenstein (26) uit Pretoria gevra.

Hy meen hierdie gevoel is baie sterk onder die jongmense.

Maar as die emosie eers bedaar het, en 'n mens dink weer aan die praktiese implikasies van die plan om die sewe geboue (agt met die Capitol) te sloop vir ander geboue in die plek daarvan spook een vraag kliphard by my.

Is die nuwe poskantoor nodig? Is die nuwe poskantoor nie dalk 'n ingeboude wit olifant nie?

Pk. Wit Olifant

Senior amptenare van die Poswese het al dikwels daarop gewys dat die poskantoor nie op 'n goeie plek staan vir verspreidingsdoelindes nie. 'n Ligging nader aan die stasie, d.w.s. in die suidelike deel van Pretoria waar dit by die stasie is, en ook op die grootpad na Jan Smuts, sou tog beter wees.

'n Paar Volksraadslede het nou onlangs begin uitvra oor Kerkplein, want politiek of te nie, dis klaarblyklik 'n saak waaroor die gewone mens sterk gevoelens het.

En uiteindelik bly dié een vraag immers opduik: is dit alles die ontsettende koste werd? Hoe op aarde kan nou gebou word? En hoekom moet geboue noual vernietig word om eers in die onsekere toekomst te vervang te word?

Een ding weet ek wel, en as ek baie van gister se storiëtjies mag verklik: ek weet nie hoe daardie arme stootskraperdrywers gaan voel as hulle die klomp liggame plat op die grond voor die Wesfasade aanskou nie! My telling

was sewe „dead certs” en dan was ek nog nie eens by UP se dosente vir 'n telling nie.

Die Beeld,
21 Januarie 1977

Wag 'n bietjie?

RYKIE VAN REENEN

Lyk maar min hoop dat argumente, kultureel of selfs finansiële, in dié stadium veel kan doen om Kerkplein, Pretoria, van verwoesting te red. Binne die raamwerk van die huidige personeelstruktuur van die instansies gemoed met die saak (hoe vat jy my taal, broertjie, hoe vat jy my tale? soos oom Cas Greyling by heuglike geleentheid vir een van ons manne gesê het), binne daardie raamwerk, soos ek sê, verwag ek min uitkoms.

Onversetlike uitsprake is gedoen, ek neem geredelik aan in die lig van nugter oorwegings. En dit is net heel besondere mense in daardie soort posisies wat dit versoenbaar met eie eergevoel vind om te erken: Ekskuus, daar het ek fout gemaak, of: met die diepe volksgevoel oor hierdie saak het ek nie rekening gehou nie.

Dus 'n voorstel: wat van 'n moratorium van vyf jaar? Is dit glad nie moontlik nie – selfs nie as ons, wat so begaan oor die saak is, instaan vir die tussentydse instandhouding nie? Soos ek hoor, is daar in iedere geval nie nou dadelik geld eens vir sloping nie, laat staan nog massale nieu-bou.

Aangesien sloping so verwoestend finaal is, en aangesien daar ander, baie dringende sake is wat wel, en op Premiersadvies, aan ons kinders gelaat word, kan hulle nie maar hieroor ook besluit nie?

● In baie letterlike sin is dit tog hulle onvervangbare besit waarom dit hier gaan.

Rapport,
23 Januarie 1977

Hulle gaan lê, sê hulle

MARTIE RETIEF

Bedoel hulle werklik dat hulle op die grond sal gaan lê sodat die stootskrapers bo-oor hulle moet ry om by, sê, die Nederlandse Bank te kom?

Ja, hulle bedoel lê. Plat lê op die grond. En sê nou maar die ding ry bo-oor hulle? Dan ry die ding bo-oor hulle.

Maar is dit nie fanaties nie?

Is die besluit om stootskrapers te stuur, nie fanaties nie?

Dit voel vir my ek voer onderhoud met 'n Kamikaze-bataljon. Maar hulle sit

daar in hul standaard-bankklerk-hemde, dasse, die meisies in broekpakke en grimering en hulle drink staatsdienste waarvoor hulle elke maand moet betaal, so hulle dink nie dit is sedisie om oor die tee selfmoord voor die staat se stootskrapers te beplan nie.

Dink hulle dit sal help? Destyds toe die Boeddhiste van hulself vlamme offers gemaak het, lyk dit nie of dit vreeslik gehelp het nie.

Hulle is nie Boeddhiste nie, beduie dié Pretoriane, en nee, hulle weet nie of so 'n demo gaan help om die geboue te bewaar nie – maar dit sal wel bewys dat hulle omgee.

Omgee vir 'n paar ou geboutjies?

Die meisie met die rooi hare en die ketelpak het 'n reguit-kyk. „Die óú geboutjies verteenwoordig my verlede waarop ek trots is. En ons is sat van glas-paleise wat teen miljoene rande gebou gaan word en wie weet, ook net vir sewentig jaar sal bly staan.”

Die argumente wat hulle opper, is nie nuut nie, maar die hartstog lyk nuwer as byvoorbeeld laasjaar. Ek voel saam met hulle, maar, darem. Voor 'n stootskraper te gaan lê! Sulke drastiese dinge is nie juis my koppie tee nie.

„Maar dis 'n drastiese ding wat ons as volk aangedoen word,” sê die ketelpak-meisie. Toe het ek maar stilgebly oor die stootskraperdemo.

Gruis-toekoms

Omdat hulle ook slimmer is as ek, kon hulle die skaalmodel van die voorgestelde „nuwe” Kerkplein lees. Hulle wys daarop dat die kat nou deeglik uit die sak is: die nuwe Provinsiale gebou, by name, is beplan om agter die huidige geboue op die suidelike deel van die Wesfasade gebou te word.

Waar daardie drie geboue nou staan, gaan daar dus in die toekoms niks wees nie. Net gruis.

Hemel ons, wonder ek oor die aangebode koppie staatsdienste: verkoop ons wragtie ons verlede vir 'n kruiwa vol gruis?

Suutjies, of . . .

- Onder die studentenasie tel ek die waarskuwing op: die Roomse skole moet pas op – hulle sal gesloop word.

Die Beeld,
22 Januarie 1977

Besluit oor Wesfasade verregaande

Nie tevrede met spookasem, Pretoria, skryf:

Mnr Sybrand van Niekerk veralgemeen as hy sê „die mense” het nou die ver-

nietiging van die Wesfasade van Kerkplein „aanvaar”.

Die mense van wie hy praat is sekerlik die soort wat alles wat rondom hulle gebeur passief beskou en gelate aanvaar. Suid-Afrika is 'n demokratiese land en ek kan my nie 'n enkele geval herinner waar daar só sterk vanuit soveel oorde deur volwasse beskaafde mense beswaar aangeteken is nie.

Waar kom die uitvoerende staatsampnare van my vok vandaan dat hulle kan voortgaan met so 'n onbeskaafde, onsensitiewe, kortsigtige projek?

A nee a. Ons hoor dan inflasie is aan die orde van die dag . . . R25 miljoen! Hoe verregaande kan daar opgetree word? Net so ver as wat ons belastingbetalers toelaat, meen ek.

Die Beeld,
26 Januarie 1977

Kerkplein: owerheid bedreig

Uit Swellendam in die Kaap het die bewaringsdeskundige, mnr Adriaan Mocke, laat weet: „Ons gaan baie beslis nie soos 'n spul lamsakke sit en toekyk hoe die Plein in die stof byt nie. Ons beplan optrede”.

By die aksie-saamtrek wat verlede jaar op die Plein gehou is om protes teen die sloping aan te teken, het mnr Mocke onder meer bedreig dat hy voor die stootskrapers sal gaan lê om die sloping te keer.

'n Naamlose man het *Oggendblad* geskakel met die dreigement: „As die stootskrapers die dag by die Wesfasade opdaag, sal daar net soveel stootskrapers gered staan om Oorval onder te ploeg”.

Oorval is die ampswoning van die Administrateur van Transvaal, mnr Sybrand van Niekerk.

Bewaringsdeskundiges het gister gesê dat hulle ten gunste is van die hou van 'n „nasionale konvensie” van verenigings wat hulle beywer vir die bewaring van ons erfenis.

Dit sal beteken dat vooraanstaande verenigings soos die Stigting Simon van der Stel, die Krugergenootskap, die Genootskap Oud-Pretoria en die Burgerkomitee vir die Bewaring van Kerkplein met die honderde ander verenigings regdeur die land sal kan saamwerk om 'n eenvormige plan van optrede uit te werk.

Die gedagte is al kan Kerkplein nie gered word nie, sal die Konvensie in so 'n magtige druggroep kan verander dat 'n herhaling van die voorval nie sal plaasvind nie.

Oggendblad,
27 Januarie 1977

Koël deur die plein

C S, Johannesburg, skryf:

Die moontlike verdere verloop van die Kerkpleinaangeleentheid:

Een goeie wintermôre daag die stootskrapers en geesdriftige werkers met alerhande moderne apparaat op . . . (ons het mos darem al gevorder sedert 1904 toe Milner se mense met stoomrollers die ou NH of G Kerkgebou op die plein begin afbreek het om te keer dat president Kruger se begrafnisdiens daarin gehou word), die brekery is in 'n paar dae afgehandel en die puin word weggegrêp.

Bewaarders hou hul monde. Praat help nie en 'n hooggeplaaste het gesê: „Die demokratiese prosesse het hul loop geneem.”

'n Paar weke ná die sloping gaan praat 'n verslaggewer met 'n minister, administrateur of ander hoë amptenaar: „En wanneer begin die werk aan die nuwe poskantoor?”

„Binnekort, meneer, binnekort. Ons het op die oomblik nog 'n paar probleme – ons het te kampe met ekonomiese besnoeiingsmaatreëls, maar ek is in volle vertroue dat daar spoedig 'n aanvang gemaak sal word.”

Intussen word verdedigingstoerusting duurder, die olielande besluit nog twee, drie keer om die uitvoerprys te verhoog. Later die jaar word aangekondig dat die werk aan 'n aantal minder belangrike staatsprojekte voorlopig afgestel is „vanweë ekonomiese oorweginge en omdat strategiese dringender aangeleenthede voorrang moet geniet”. Op die lange baan is o.m. die „nuwe uitvoerende poskantoor en streekhoofkantoor” wat op Kerkplein sou gekom het.

Te erg is dit darem nie. Daar is nou veel meer parkeerruimte in die middestad as in die primitiewe ou dae toe daar nog 'n sigbare bewys was van die beskawingspeil wat die Zuid-Afrikaansche Republiek gehad het.

Rapport,
23 Januarie 1977

Jong Tukkie takel Kerkplein

Dit kon Kerkplein ook nog gewees het: lewend, dié hartklop van sy stad soos dit hoort met sy gevonnise historiese geboue fier en funksioneel. Só 'n sieraad met plek vir almal, behalwe die Poskantoor se hoofgebou, het 'n jong Tukkie-slimkop 'n jaar lank in fyn detail uitgewerk en met grondplan en deursnitte en aansigsketse in haar skripsie vir haar finale jaar in die kursus BA (Arch.) vasgelê.

In die veelbewoë jare wat verby is, was daar al soortgelyke voorstelle deur onder

andere mnr Hannes Meiring, bekende argitek, en deur die Stigting Simon van der Stel. Miskien het die waagmoed en energie van die jeug wat vir Enla Coetzee in haar ondersoek selfs deur die stowwerige solders van die ou geboue geleidelik het, nodig geword.

Van die bestaande voorstelle en planne vir 'n mooier middestad met sy ander pleine het sy diep geskep, ook die busstasie onder Kerkplein en hierby haar eie gevoeg.

Onder meer het sy ook na die behoefte van die Provinsiale Administrasie geloer en haal twee ondersoeke na kantoorruimte in haar skripsie aan. Een is in 1973 gedoen en daarvolgens is gevind dat daar 48,3 vk. m vir elke werker in die provinsiale gebou beskikbaar was. 'n Wes-Duitse ondersoek het getoon dat die gewenste oppervlak tussen 7 en 12 vk. m per persoon is.

Met die oog op die huidige ekonomiese klimaat het sy tot die gevolgtrekking gekom dat interne herbeplanning van ruimtes behoort voorkeur bo verdere uitbreiding te geniet veral aangesien die afstand tussen die afsonderlike afdelings nie onbepaald vergroot kan word nie.

Daarby het 'n ander opname getoon dat bykans 'n derde van die vloerruimte in die provinsiale gebou nie behoorlik benut word nie. Maar, as daar dan uitgebrei moet word, het sy voorsiening gemaak vir 'n bykomende vleuel wat van die suid-blok, oor die Capitol en agter die historiese geboue verby loop tot by Kerkstraat.

Die voorgestelde vleuel kan vir bykomstige ruimte sorg wat die bestaande vloeroppervlak met byna 25 persent kan vergroot.

Volgens haar plan word die voetgangers en die voertuie op en om Kerkplein heeltemal geskei.

Kerkstraat word oos van Kerkplein tot by Strijdomplein 'n voetgangersparadys met 'n ondergrondse dienspad wat by die kelders van die verskillende geboue langs gaan tot by die busstasie onder Kerkplein en terselfdertyd eie busse uit die rigting bedien.

So word daar uit al die ander windrigtings afdrukte vir die busse voorsien en roltrappe neem die passasiers na die oppervlak. Die oppervlak van Kerkplein word deels geplavei met 'n sprekersrostrum en half amfiteater in die noord-oostelike hoek.

Die sprekersbalkonne van die Paleis van Justisie en die Ou Raadsaal kan dan ook weer tot hul reg kom en die Krugerstandbeeld bly waar hy is.

Pure poeding is haar plan met die historiese geboue. Langs die Ou Raadsaal bly Parlementstraat 'n toegangstraat na die Nederlandse Bankgebou. Sy voorsien dat die gebou 'n kunsgalery kan bly maar met fyn herbeplanning binne.

Verby die Nederlandse Bank-Gebou is die ou Law Chambers wat mej Coetzee

'n Toeriste-sentrum wil sien waar mense kom en gaan. Daar kan die Nasionale toeristeburo, die Spoorwegreisburo, die stadsraad se publiseitsafdeling, nasionale hotelbesprekingsdienste, selfs 'n kommersiële reisburo, busbesprekingsdiens, Computicket en 'n motorhuurfirma gehuisves word.

Die Cafe Richegebou kan 'n restaurant in die kelder hê, op die grondverdieping 'n snoepkroeg met kombuise en wat meer. Weerskante kan ander besighede soos die apteek, snoepery en geskenkwinkel wees.

Op die ander verdiepings is daar kantoorruimte vir ander instellings soos die Stigting Simon van der Stel.

Die hoofposkantoorgebou word 'n toeristehotel, die munt 'n eksperimentele teater, die Bank of Africa en die Kirkness-Gebou deel van 'n winkelsteeg en die National Bank Chambers 'n takbiblioteek of koffiekroeg.

Die takposkantoor om die middestad te bedien, kan noord van die bestaande poskantoorgebou kom. Oor en langs die voorgestelde poskantoor heel moontlik 'n parkeergarage met 'n ordentlike eet- en rusplek vir swartmense in dieselfde komplekse.

Sy is nog besig om kostes te laat bereken maar om die Cafe Riche en die Law Chambers te verander en te restoreer sal R220 000 kos terwyl nuwe geboue met dieselfde vloerruimte R705 000 uit die sak sal jaag.

Die voorstel dat die poskantoor se hoofgebou êrens in die omgewing van die spoorwegstasie gebou word, vind mej Coetzee heel aanneemlik en wenslik.

Rapport,
27 Februarie 1977

Pretoria busses get set to go down under

Church Square in Pretoria, for years the battleground of conservation groups against the council, may have a massive bus station soon – beneath it.

Pretoria council has already given its approval to the idea of an underground bus station there.

Now it's considering whether to create an underground city below the square between Prinsloo Street and Bosman Street.

Roads in the underground city would be reserved for buses and emergency vehicles – which would mean that much of the city centre above ground could be handed over for the exclusive – and pollution-free – use of pedestrians.

The plan would create an uninterrupted pedestrian mall between Prinsloo Street and Church Square, with links between

the Strijdom and Hendrik Verwoerd Squares.

According to city planning officials, the advantage of an underground terminus would be that buses would still end journeys in the heart of the city – but they would not clutter up Church Square the way they do now.

Church Square is also still the best place for a bus station, they say, because Church and Paul Kruger Streets are two-way roads. So buses can get in and out easily.

Businessmen hoping to cash in on captive underground customers, however, seem likely to be disappointed.

The council has backed only the idea of a bus station. Earlier suggestions about a shopping mall to go with it have been abandoned – except for a single kiosk.

The Rand Daily Mail,
December 8, 1976

Opstelwedstryd

'n Internasionale Kinderkuns-uitstalling is verlede jaar in Pretoria deur die Internasionale Kindermuseumstigting, waarvan mnr Frans Cloete die oprigter is, aangebied. 'n Eerste prys van R25 aangebied deur die Stigting Simon van der Stel is by die geleentheid aan die wenner van die opstelwedstryd, Frank Lee, oorhandig. Hy is 'n standerdagt-leerling aan die Hoërskool Villieria. Ons plaas graag die wenopstel.

Waarom die wesfasade van Kerkplein behoue moet bly

Dit kan ook nie anders nie, want die storm broei al vir maande lank. Nou is daar verontwaardiging, geskoktheid en selfs hartseer. Dagblaaie mor, terwyl geskiedkundiges, kultuurmense en kunstliefhebbers hul koppe skud. Die Wesfasade van Kerkplein moet vernietig word, omdat dit kamstig nie meer goed genoeg is nie.

Duisende mense hou glad niks van hierdie plan nie, en is gekant teen die vernietiging van die mooi ou geboue van die Wesfasade. Vir hulle is dit eerder 'n sie-raad as 'n steen des aanstoots. Baie versoekskrifte is al tot die owerhede gerig, maar hulle hou hul stokdoof daarvoor. Hulle sê buitendien dat hulle al moeg vir die geneul in hul ore is. Ek dink dat dit 'n skreiende skande is, en sê ook so, maar wie sal nou na 'n skoolseun se besware luister? Dit wil ek graag weet?

Dit slaan my dronk dat hierdie skakels met die verlede opgeoffer moet word, omdat nuwe geboue en wolkekrabbers 'n mode is. Moderne geboue sien 'n mens

buitendien oral, vanaf New York tot Tokio en Athene (en ek reken in Kal-kutta ook). Met die geboue van die Wes-fasade is dit egter nie die geval nie. Tyd en geskiedenis het 'n ereplek op Kerkplein aan hulle gegee. Nou moet dit vernietig word!

Die Afrikaanse digter het die moderne betonreuse, grys blokke van verdriet, genoem. Oral verdring die wolkekrabbers die sonlig al hoe meer, terwyl stede skemer van besoedeling word. Vir die maanreisigers was die wêreldstede 'n skokkende gesig, van daar ver uit die skoon ruimtes, waar hulle gekom en gegaan het. Vir hulle het dit na siedende moerasse, en septiese en giftige pitswere gelyk.

Dit sou beter wees om die bedrywigheide van die middestad te desentraliseer en nuwe groeipunte te soek. Hieraan dink die owerhede blykbaar nie. Dit lyk ook nie of hulle eintlik bekommer is nie, oor die groter opeenhoping van verkeer, wat hul planne te weeg sal bring nie. Dit sal 'n vermorsing van brandstof veroorsaak. Iets wat ons nie kan bekostig nie, want brandstof het al hoe skaarser en duurder geword. Alreeds het dit die Suid-Afrikaner se lewenspatroon baie verander. Dit het 'n baie beperkende invloed, en blaas gedurig die gloeiende vlam van inflasie steeds hoër. Die voor-genome betonreuse van Kerkplein sal nie net lelik en onpersoonlik wees nie, maar sal ook die toegang tot die middestad bemoeilik, en sodoende werksure vermors. Iets waaroor Jan Publiek gedurig oor die vingers geraps word.

Die sloping van die Wesfasade, en die nuwerwetse gevaartes wat opgerig gaan word, gaan letterlik miljoene rande kos. Miljoene rande (wat alle geval nie eers beskikbaar is nie) gaan nou deur die monsterplan van die owerhede ingesluk word. Waarskynlik kan selfs nie eers die leë skatkis, en die groot tekorte, die owerhede tot meer nugterheid dwing nie. Dit besef die ou klipuil van Cafe le Riche. In sy stille wysheid sit hy verlaas nog daar en peins, want sy dae is getel. Vir baie jare al deel hy die lief en die leed van die middestad, maar nou is hy nie meer goed genoeg nie. Nie goed genoeg vir sy eie mense nie. „Vernielers van stede”, roep die bakstene dit om hom uit. Langs hom het hy die groot provinsiale gebou sien groei. Dit het soos 'n kanker gegroei. Vervelig ver, en vloer na vloer, strek sy eenderse gange in die kunstmatige halflig van neonbuis. Vir hom is dit 'n eidelose en vervelige doolhof. 'n Gedrog wat geen sentimeter ruimte aan die skilderagtige geboue van die Wesfasade gun nie.

Op Kerkplein leef die skim van Kruger voort, en is die bande met die ou ZAR nog sterk. Waar lomp passasiërsbusse nou vuil oliekolle op die teer mors, het die kommando's se perde eens spore in die sand getrap. Van die vroegste dae af was Kerkplein 'n belangrike plek vir die

Suid-Afrikaner. Hier is gebid, presidente ingesweer, en strafekspedisies uitge-stuur. Hier kan die geskiedkundige en die kunstenaar nog inspirasie kom vind en die stedeling sommer net kom ont-span.

Die Wesfasade se horisontale lyne skep 'n gevoel van ruimte en rustigheid. Die rustigheid wat eie aan ons land is, en wat die digters graag besing. Die Wesfasade is soveel meer as net 'n kompleks van verwaarloosde geboue, en Kerkplein soveel meer as net 'n oop ruimte. Vir die Suid-Afrikaner is dit gewyde grond.

Bonkig en groot staan die ou president self nog hier. Dit hoort so. Nog selde kon die beeldhouer sy brons in sulke waardige vorms as die van die vier voetstukfigure giet. Al die adel en durf van die burgers van weleer besit hulle. Onafskeidbaar is ook hulle deel van die Wesfasade, wat nou so tragies voor die stootskrapers moet tuimel.

Onheilspellend kruip wolkekrabbers nader aan die ou president. Eersdaags sal ook hy, vir altyd weer balling tussen hoë betonmure wees. Is sy volk dan magteloos om Kerkplein te red? Is hul magteloos teen die rotte van vernietiging wat aan die ou historiese geboue knaag? Is hul magteloos teen die owerhede wat in hul nagwake van vernietiging droom?

Onder die sewe gedoemde geboue is die ou Nederlandse Bank, wat intussen 'n mekka vir die beeldende kunste geword het. Dit het gehelp om Pretoria in die voorpunt op hierdie gebied te plaas. Hier het jong kunstenaars 'n toonvenster vir hulle werke gevind, waar goue Krugerponde eers oor die toonbank af-getel is. Die sloping van hierdie ou prag-gebou, met sy breë kliptrappe en beson-dere traliewerk sal dus 'n gevoelige slag vir die beeldende kunste wees. Dit is juis hierin wat 'n volk se beskawingspeil gesien kan word.

Die hele Wesfasade kon eerder as 'n toeriste-aantreklikheid en 'n reuse-museumkompleks ontwikkel word. Hier kon die buitelanders dan met die Suid-Afrikaanse kultuur, kuns en volks-karakter kom kennis maak het. Eerder as om die historiese geboue te skaad, is ons hulle bewaring aan die toekoms ver-skuldig.

Ironies genoeg, as die huidige slopers reeds lank van die toneel verdwyn het, sal hul name miskien net vir hierdie enkele wandaad van hulle onthou word. Hulle sal Suid-Afrika veel armer agter-laat, met hul vernietiging van die sier-like ou geboue uit die kleurryke dae van Paul Kruger.

Dit wek somber gevoelens by my, en nostalgie wil my oorweldig. Dan hoor ek weer die digter se lied, maar dié keer vertel hy nie weer van 'n doringboom-pie nie.

„Daar het eens pragtige geboue langs Kerk-plein gestaan, maar sware stootskrapers, met sterke diesels, het gekom en gegaan . . .”

Landboumuseum naby Pretoria

Die Minister van Nasionale Opvoeding, Sy Edele dr Piet Koornhof het onlangs bekend gemaak dat die Regering toestemming aan die Nasionale Kultuur-historiese en Opelugmuseum verleen het om voort te gaan met die ontwikke-ling van 'n Landboumuseum. Die mu-seum sal op 'n deel van die plaas Kaal-fontein op die Bronkhorstspruitpad ge-leë wees. Dit is vir dié doel deur mev M E le Roux (gebore Prinsloo) aan die museum geskenk. Die landboumuseum sal onder andere ook die gerestoureerde huis van mev Le Roux se grootvader, Willem Petrus Prinsloo, insluit en sal ook as die Willem Prinsloo-landboumu-seum bekend staan.

Hierdie landboumuseum sal die besoeker die geleentheid bied om 'n volledige beeld van die boereplaas uit die vorige eeu te kry. Die oorspronklike opstal sal gerestoureer word. Daar sal ook uit-stallings wees wat die ontwikkeling van landbou-implemente en die verskillende boerdery-aktiwiteite in Suid-Afrika sal voorstel. Die museum benodig nog op die stadium enkele ou implemente en sal dit waardeer indien mense wat van die ou implemente besit met die Museum in verbinding sal tree.

Indien die werksaamhede volgens pro-gram verloop, sal die Landboumuseum volgende jaar vir die publiek oopgestel word.

Die Landboumuseum sal die tweede ope-lugmuseum wees wat die Nasionale Kul-tuurhistoriese en Opelugmuseum ont-wikkel. Die eerste was die Pioniers-ope-lugmuseum wat in Silverton, Pretoria geleë is en reeds in November 1975 vir die publiek oopgestel is. Indien die Museum se onderhandelings met die Stadsraad van Pretoria slaag, sal die Museum ook binnekort met die oprig-ting van die Nasionale Opelugmuseum begin.

Die ontwikkeling en restourasie van die Landboumuseum word moontlik gemaak deur middel van ruim skenkings van ver-skeie firmas.

People power v Escom power

In arriving at what appears to have the makings of a fair compromise in the Braamfontein Spruit pylon issue, the brake has been put on Escom's ad hoc planning, and for that many people are grateful. At the long crowded Electricity Control Board hearing which has just ended even the Department of Planning as well as the Peri-Urban Areas Board objected to the route chosen by Escom.

Escom was ordered to go back into the field and seek other alternatives during the recent fortnight adjournment. And now it has been ordered to consult with Government and regional authorities before finalising its plans.

All that can be said in Escom's favour is that the Electricity Act did not oblige it to consult with anyone. But neither did the Act expressly forbid it to.

A compromise is never a victory but Sandton's fight against having those giant towers along its river park was extremely important. It revealed an intolerable situation where engineers with narrow interests are empowered to alter radically a town's plan, sully its finest scenery and devalue its homes without so much as a by your leave. But more than anything it marked a watershed in the public's attitude to high-handed and bad planning. The people of Sandton, their Civic Foundation and their council will have done the whole nation a favour if, as a result of their battle, South Africa's planning procedures are altered.

The Star,
June 5, 1976



Krugerdag op Boekenhoutfontein gevier

Op 9 Oktober 1976 het ongeveer 500 Rapportryers, Voortrekkers, skoliere en ander besoekers op Boekenhoutfontein, plaas van Staatspresident SJP Kruger, byengekom.



By 'n Krugerdagviering op Boekenhoutfontein, plaas van president Paul Kruger, het mnr Willem Punt, direkteur van die Stigting Simon van der Stel, 'n stel eetkamerstoele van eikehout ontvang. Die ses stoele is 'n geskenk van die Federasie van Rapportryerskorpsse. Skoolkore het gesing en kadette van een van die Hoërskole op Rustenburg het aan 'n vlaghysingseremonie deelgeneem.

Foto's: D.G. Vrey, Rustenburg



Two Top Schemes

A Pension and Group Life Assurance Scheme

Firms, companies and associations who are Life Members of the Simon van der Stel Foundation are now privileged by being able to participate in a unique and very advantageous scheme which enables them to make available to their employees pension and group life cover benefits.

It is often the case that the smaller employer, because of the limited numbers of his employees, is not in a position to provide employment benefits which employees today consider to be normal. The Foundation realises the problem – too few employees that can qualify, therefore a too limited a risk spread, therefore premiums are too high. The Foundation has a country-wide distribution of members which includes hundreds of small companies, firms, partnerships, undertakings and associations. Through their membership of the Foundation they are part of an identifiable group, they can be considered together. This made it possible for our insurance brokers to devise an advantageous scheme which is underwritten by several large assurance companies.

This is how the scheme works: Assume you employ a messenger, a bookkeeper-clerk, a typist, a cashier, a counter assistant and a salesman. Let us assume that you make it a condition of employment that male employees under the age of 55 join the full scheme and for ladies under 50 you make the full scheme optional. Group life, however, you make obligatory for all. You decide by way of example, that cover shall be three times annual salary to the nearest R1 000. You, undertake, for example, to pay 50% of the premiums, collecting the balance from the employee by way of a salary deduction. Naturally the group life and pension premiums will vary according to age, sex, and state of health of the employee concerned. Our premiums are demonstrably of the most reasonable in the market, every premium Rand delivers the maximum in cover Rands.

For you and your employees to participate in this particularly advantageous scheme, just this!

Your company, firm, partnership or association must be a Life Member of the Foundation in one of the following classes:

- Ordinary Life Member R75–R199 once only
- Donor Member R200–R1 999 once only
- Sponsor Member R200–R1 000 per year
- Patron Member R2 000 or more

An entrance fee of only R25 to the scheme is payable on acceptance of your application. (If you are already a Life Member, then of course only the R25 applies.)

You undertake to collect the premiums monthly for payment to the Foundation's brokers.

As the employer, you can opt out of the scheme at any time. Premiums, entrance fee and membership fee are not refundable. On resigning from the scheme the employees' benefits are made paid-up for repayment on maturity according to the rules of the scheme. In other words, premiums already paid in retain their value.

So, for a small once-only contribution to the Foundation, your company becomes a member of the Foundation and of the scheme. For a monthly contribution which can be as little as the cost of the cheque or as much as 100% of the premiums, you decide, you can as responsible employer provide your personnel with a valuable benefit. They will appreciate it!

And remember, the pension contributions are tax deductible for both employer and employee.

Also, by becoming a member of the Simon van der Stel Foundation, you will be contributing to the preservation of South Africa's national cultural historical and architectural heritage. A matter of some importance to the nation.

B Personal Insurance Scheme

You and your employees can also participate in the Foundation's excellent short-term insurance scheme – cars, caravans, all risks, household effects, personal liability, personal accident – all in one policy at one very reasonable monthly premium paid by stop order. Example: R10 000 household cover, R1 000 all risks, two cars, R200 000 personal liability, R200 freezer contents, R4 000 personal accident for husband and wife – only for R18 per month. These premiums calculated for individual participants are already of the lowest available. Where employers make up groups of at least five employees, the premiums are reduced further.

In cases where employers as such are not Life Members of the Foundation, individual employees can nevertheless join the scheme by becoming individual ordinary members of the Foundation for only R7 per year per person.

This scheme offers savings and convenience in one package!

Stigting Simon van der Stel

BIBLIOTEEK

Die Stigting se Biblioteek is amptelik geregistreer en beskik reeds oor 'n verteenwoordigende versameling materiaal oor BEWARING – restourasie, argitektuur, geskiedenis en so meer – wat bestaan uit boeke, brosjures, pamflette, persknipsels, foto's, dias en films.

Maar die aanvraag na ons materiaal en die gebruik wat van die Biblioteek gemaak word, bewys dat die Biblioteek sneller uitgebrei moet word. Geldgebrek ry ons nog in die wiede.

U kan 'n bydrae maak!

- 'n Kontantskenking vir boekaankope
- 'n Boekskenking
- 'n Skenking van Africana-foto's en boeke.

By voorbaat baie dankie!

Simon van der Stel-Biblioteek

Lid van die Interbiblioteekleningskema

Simon van der Stel Foundation

LIBRARY

The Foundation's Library has been officially registered and now has a representative range of material on CONSERVATION – restoration, architecture, history, etc. – consisting of books, brochures, pamphlets, press cuttings, photographs, slides and films.

The demand for service and use being made of the Library show clearly that we must accelerate expansion of the Library. Money is, of course, the problem.

You can help!

- A cash donation for book purchases
- A donation of books
- A donation of Africana-photos and books.

Thank you!

Simon van der Stel Library

Member of the Inter Library Loan Scheme.



Bloemfontein-Streekkomitee onthaal die Nasionale Raad

Die Stigting se Nasionale Raadsvergadering vir die eerste semester 1977 het op 11 Maart te Bloemfontein plaasgevind in die Senaatsaal van UOVS. Die Stigting se Streekkomitee onder leiding van die plaaslike voorsitter, prof. Leon Roodt, het die Raadslede op 'n toer van belangrike geboue in Bloemfontein geneem en die dames van die Streekkomitee het 'n spesiale middagete vir die Nasionale Raadslede aangebied. Die dag se verrigtinge is afgesluit met 'n skemerkelkonthaal, aangebied deur die Burgemeester van Bloemfontein. Die Raadslede het ook geleentheid gehad om "Onze Rust", plaas van President M T Steyn, te besoek waar hulle ontvang is deur Regter en mev. M T Steyn. Hierdie besoek is voorafgegaan deur 'n uitstalling wat om 07h00 die oggend in die ou Mark deur prof Roodt geopen is. Raadslede was aanwesig om die finale jaar argitektuurstudente se voorstelle vir die hergebruik van die ou markgebou te inspek teer.

W J P

By die Nasionale Raadsvergadering van die Stigting Simon van der Stel, Bloemfontein V.l.n.r.: Mnr W.J. Punt, Direkteur; mnr F.D. Conradie, L.V. Nasionale ondervoorsitter; mev J.M. Raath, Nasionale raadslid; mnr A. Bezuidenhout, Streekkomitee-penningmeester; dr S. Meiring Naude, Nasionale voorsitter en mev L. de Bruin, Streekkomitee-sekretaresse.

Foto: Christos, Bloemfontein



Kroonstad bewaar twee ou geboue

Twee van die oudste geboue op Kroonstad gaan nie meer gesloop word nie. Die ou poskantoor en eerste tronk, wat albei van sandklip gebou is, gaan gerestoureer word sodat dit vir die nageslag behoue kan bly. Die twee geboue is albei opgerig voordat die dorp gestig is.

Die standplaas waarop hulle geleë is, is standplaas nommer 30 wat in 1861 reeds opgemeet is.

Volgens die akte van oordrag is die grond aan die destydse Vrystaatse regering beskikbaar gestel vir die oprigting van 'n kantoor en 'n gevangenis.

Die poskantoor is ongeveer in 1880 opgerig en die tronk minstens 20 jaar vroeër.

Toe gerugte ontstaan dat die geskiedkundige ou geboue, wat naby mekaar geleë is, dalk gesloop gaan word, het die plaaslike Vryburger-Korps dadelik begin walgooi.

Ná versoë deur die korps, die Stigting Simon van der Stel en prof J J Oberholster, van die Vrystaatse Universiteit, het minister A L Schibusch, Minister van Openbare Werke en ook LV vir die dorp, ingewillig dat die gedeeltes van die poskantoor en tronk wat voor 1880 gebou is, gerestoureer kan word.

Die Vaderland,
8 Desember 1976


Kerk word monument

Die historiese sandsteengebou van die NG moederkerk op Senekal en die kerkplein is tot nasionale monument verklaar deur die Raad vir Historiese Gedenkwaardighede.

Die gebou is ontwerp deur die argitek J H en A L Till en in 1896 ingewy. Die plein word omring deur 'n sandsteenmuurtjie waarop versteende boomstamme lê.

Die Volksblad,
11 Desember 1976

Ons het 'n wyn gemaak - Carlonet



... en hier op die historiese Uitkyk Wynlandgoed weet ons dat Uitkyk Carlonet W.O.S. een van die edelste Kaapse rooiwye is wat nog ooit gemaak is.

Kyk deur die helder dieptes van die ryk donkerrooi na die volrype rondheid van die aristokratiese Cabernet Sauvignon-druif.

Ervaar die talmende boeket wat so kenmerkend is van hierdie skaamdraende wingerdstok.

Proe in sy robuuste volheid die vrugbare leem-rooigrond van Uitkyk en die rypheid van die droë somerson.


Drink dit nou met kennersgenot, of lê dit in u kelder neer in die wete dat u dit jaar na jaar met steeds groter waardering sal geniet.

*Uitkyk
Carlonet*

'n Volrondige, droë rooiwijn.

1973 Uitkyk Carlonet Cabernet Sauvignon is deur die Wyn- en Spiritusraad geklassifiseer as 'n Wyn van Oorsprong – Superieur – die hoogste moontlike klassifikasie wat slegs aan 'n wyn van uitsonderlike gehalte toegeken mag word.

Ook afkomstig van die Uitkyk Landgoed:
1973 Uitkyk Shiraz W.O.S. – Uitkyk Carlsheim –
Uitkyk Riesling – Uitkyk Late Harvest.



Gebore en getoë op die Landgoed. Gebottel en bemark deur Die Bergkelder.



BB97A



Kaap - Cape

Gewelhuis op Grootfontein nou museum

DR P W VORSTER

Ons tyd dink hoofsaaklik in terme van vooruitgang en ontwikkeling. Orals in dorpe en stede moet ou geboue, selfs dié met historiese waarde, plek maak vir moderne sakesentrums of woonstel-blokke. Bande met die verlede word maklik verbreek en die voorrang aan die materiële laat nie veel belangstelling vir die verlede en sy mense oor nie.

Die Gereformeerde Kerk Middelburg (Kaap) verkeer in die gelukkige posisie dat die woonhuis waarin sy stigting plaasgevind het, nog bestaan. Dié gebeurte het in Desember 1860 plaasgevind onder leiding van ds D Postma. Hierdie huis staan op die Grootfontein-proefplaas, net buite die dorp.

Interessante agtergrond


Grootfontein is een van die oudste plase in die distrik Middelburg – of die veldkornetswyk van Renosterberg soos dit aan die einde van die 18de eeu bekend was. Volgens ou rekords skyn dit of die plaas Grootfontein so vroeg as 1775 as leningplaas uitgegee is. Weens die rowerye van die Boesmans is die plase in die omgewing nooit lank bewoon nie. Die Renosterberg-wyk was destyds as Boesmanland bekend. In 1798 het iets anders gebeur:

Nicolaas van der Walt (geb 1757), jongste seun van die stamvader Geele Andriesz, het op Grootfontein gewoon. 'n Klompie veeboere het 'n paar honderd skape onder hulle medeboere gekollekteer. Hierdie skape het hulle aan sowat 118 Boesmans geskenk en daardeur is die konfliktoestand met die Boesmans beëindig.

Hierdie vredespoging, wat sekerlik van die Christelike gesindheid van die Boere getuig, het die verdere aanlê van plase tot aan die Oranjerivier binne enkele jare moontlik gemaak. Die veeboerpioniere het getoon dat die vreedsame naasbestaan met die inboorlingvolke vir hulle erns is.

Familieverwantskappe

In 1827 het Nicolaas van der Walt (1791–1843), seun van vermelde Nicolaas, die ou woonhuis op die plaas gebou. Sy vrou was Lasea Christina Lessing (1795–1878). Toe die Gereformeerde Kerk in die huis gestig is, het sy broer (Hendrik Tjaart Jacobus) in die huis gebly. In 1887 het Schalk Willem Vorster (1838–1888), wat met Nicolaas van der Walt se



Grootfonteinmuseum.

dogter getroud is, die ou huis herbou. Hy het die Kaap-Hollandse gewels daar aangebou.

Dr W Hugo, direkteur van die Karoo-streek en hoof van die Landboukollege op Grootfontein het hom besonder beywer om die ou gewelhuis as museum ingerig te kry. Die gedagte is dat die kerkraad van Middelburg later 'n gedenkplaat in die woonhuis/museum sal aanbring.

Nog iets oor die geskiedenis van die plaas. In 1836 het Sir Benjamin D'Urban 'n erfpagplaas (deel van 'n leningplaas) aan Nicolaas en Hendrik van der Walt toegeken. In 1870 het Casper Jan Hendrik Vorster (1795–1890), wat in 1846 met Nicolaas se weduwee getrou het, nog 'n deel van Grootfontein van die Kaapse regering verkry. H T J van der Walt en C J H Vorster was sedert 1849 boesemvriende en hulle twee het hulle besonder beywer vir die stigting van die Gereformeerde Kerk op Middelburg. Die lewens van die ou bewoners van Grootfontein en dié van hulle nasate is baie intiem met die Gereformeerde Kerk verweef. Ds C J H Vorster (1842–1899) is 'n kleinseun van C J H Vorster (mede-eienaar) en sy eerste vrou was 'n dogter van H T J van der Walt. Ds L P Vorster (1862–1934) is 'n seun van ds C J H Vorster en kleinseun van H T J van der Walt. Verder kan nog 'n hele aantal predikante uit dié geslagte genoem word. Baie ander nakomelinge van Grootfontein se oorspronklike bewoners het in Middelburg en elders in die amp van diaken en ouderling gedien.

Die daarstelling van die ou gewelhuis op Grootfontein as 'n museum bring die verlede tot sigbare gestalte in ons dae. Die Gereformeerde Kerk kan ook dankbaar wees daarvoor dat die staat hierdie ou

plek nie net vir die nageslagte nie maar ook vir die plaaslike kerk laat bewaar.

Die Kerkblad,
16 Julie 1975

Geboorteplek van Generaal Smuts

Die bewering dat generaal J C Smuts op Worcester gebore is, word meermale gemaak, maar mev Heloise Naudé, kura-trise van die Worcester-museum, weerlê hierdie stelling met die volgende inligting wat sy aangaande die De Vries-familie (moeder van generaal J C Smuts) verstrekk.

Boudewyn Homberg de Vries het vroeg in die 19de eeu uit Holland na die Kaap gekom. Dr Heese reken dit is tussen 1806 en 1810. Daar word soms verkeerdelik beweer dat generaal Smuts se ma afstam van die De Vriese wat al in 1730 in Suid-Afrika was. In die sterfregister word aangegee: “Boudewyn Homberg de Vries van Amsterdam. Oorlede Worcester 9.9.1841, oud 54 jaar en 10 maande. Winkelier Worcester.”

Met die stigting van Worcester in 1820 word De Vries aangestel as Bode van die Hof. Sy seun Jan Christiaan (geb. 25.7.1815, gedoop. 13.8.1815, oorlede 19.6.1879) was getroud met Maria Magdalena Philippina Niehaus van die Paarl. (Oorlede 29.9.1873).

Hul dogter Catharina Petronella Gerhardina (geb. 7.5.1848) trou op 6.3.1866 te Worcester met Jacobus Abraham Smuts en word hul tweede kind Jan Christiaan gebore op 24.5.1870 en gedoop deur Ds Boudewyn Homberg de Vries op Riebeeck-Wes op 26.6.1870. By die doopinskrywing staan geskryf „Geb. Mei 24, 1870. Riebeeck”. Waar Ds De Vries 'n broer was van Mev Catharina Smuts sou hy deeglik bewus gewees het van die geboorteplek. In die register word dikwels aangedui dat die geboorte bv. op Stellenbosch of elders plaasgevind het. Ds De Vries is in 1863 op Riebeeck-Wes bevestig en het tot sy dood in 1884 daar ge-arbei. Heelwaarskynlik het sy suster by hom kom kuier en so haar aanstaande man ontmoet. 'n Ander broer, Jan Christiaan (geb. 9.9.1841) was Hulpprediker op Sutherland 1870–1873; Du Toitspan 1873–1876 en Zeerust Herv Kerk 1876–1884.

McGregor se groot projek



Hierdie splinternuwe huise met die tradisionele gesig is die jongste poging van die munisipaliteit van McGregor om die dorp se historiese karakter te bewaar.

Foto: *Die Burger*

Die Munisipaliteit van McGregor is op die oomblik besig om, in oorleg met die Departement van Gemeenskapsbou en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, 'n besondere projek te loods waarvolgens die bepalinge van die Groepsgebiede-wet nagekom én die dorp se tradisionele karakter terselfdertyd bewaar word.

Die projek behels die aanbou van 28 wooneenhede in die bruin woonbuurt. Die huise is almal toegerus met rietdakke, houtraamvensters en geweltjies, terwyl die grondplan ook verskil van die gewone huise wat deur die Departement van Gemeenskapsbou opgerig word.

Die huise word ingevolge die Groepsgebiedewet deur die Departement van Gemeenskapsbou opgerig. Alle bykomstighede en verandering op die gewone huise van die departement word deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede gesubsidieer.

Só wil die raad sorg dat die dorp se tradisionele karakter vir die nageslag bewaar word. Die talle huisies met riet- of papkuildakke uit die vorige eeu is 'n kenmerk van die skilderagtige dorpie.

Die raad het by vorige geleenthede die gedagte geopper dat die hele dorp dalk nog eendag tot historiese gedenkwaardigheid verklaar kan word. Verskeie restaurasieprojekte is reeds aangepak om dié gedagte te implementeer.

Die jongste projek is die oprigting van elf sub-ekonomiese skakelhuse en ses ekonomiese huise. Laasgenoemde kan gekoop word.

Die helfte van die projek sal na verwagting einde vanjaar voltooi wees.

Van die geboue wat op die dorp tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, is die NG kerkgebou en die ou woonhuis waarin die munisipale kantore is. Die bekende meul op die dorp word nou gerestoureer. Die dorp beskik nog oor van die min oorblywende huise wat

verteenwoordigend is van die heel laaste fase van die Kaap-Hollandse boustyl.

Die Burger,
9 Desember 1976

Historic societies visit oldest farms in Hottentots-Holland

Historic Somerset West joined forces recently with the Simon van der Stel Foundation to visit the two oldest farms in this area to belong to the well known Faure family, Zandvliet and Verge-noegd.

About 100 members and guests of the two societies were shown round the Zandvliet homestead by Mr and Mrs M Faure and allowed to wander freely around the farm buildings and werf.

Acquired by the Faure family in about 1900, Zandvliet lies on the edge of the Coloured township of Macassar and was expropriated by the Stellenbosch Divisional Council acting on behalf of the Department of Community Development eight years ago for the development of Macassar. The future of the house and farm buildings remains uncertain and the Faures, who have been allowed to remain on the farm since the expropriation, have no idea when they will have to leave.

A member of the society said: "In fact they are obviously sad to leave what has been for them a very happy home." Mr Stanley Osler, the chairman of Historic Somerset West, contacted the Stellenbosch Divisional Council recently and made a recommendation that the buildings be restored and not demolished. The Divisional Council intimated that they would be keen to do this and

there is a possibility that the house may eventually house a library for Macassar. The history of the farm goes back to 1699 when the land was granted to the Rev. Petrus Kalden, at that time Pastor of the Cape district. It is situated near the confluence of the Kuils and Eerste Rivers, and although the buildings are now dilapidated, the farm was obviously once very beautiful. The original house no longer exists and was situated at the bottom of the werf, and the present house was built in the early 1800's in the simple, dignified double-storeyed Georgian style introduced into the Cape by Thibault.

The most interesting feature of Zandvliet is the magnificent 250 metre long werf at the back of the house. Of the buildings surrounding the werf one is of particular charm and has been painted and sketched many times by local artists. It stands with its back to the werf and has a thatched roof with half hipped or wolf ends. The steps to the left run at right angles to the facade which is unusual and adds to the picturesque effect. The party then moved on to the tomb of Sheik Joseph which is situated on Zandvliet. Sheik Joseph was exiled to the Cape from Java in 1694 by the Dutch and it was he who introduced the Moslem faith into this country. Accompanied by a retinue of followers including his wives and children, he lived on Zandvliet until his death in 1699.

Many years later the Malay community in Cape Town bought the ground where he was buried and erected a tiny mosque as a shrine over his grave, and this has now become a place of pilgrimage. Two members of the Cape Malay community came out from Cape Town to explain the history of the tomb.

Apparently Simon van der Stel soon became aware that the Sheik was a wise and learned man and appointed him as tutor to his son Adriaan. It is interesting to note that the first Malay fishermen to settle in Mosterd's Bay (as the Strand was originally known) were probably descendants of Sheik Joseph's followers. The final stop of the day was Verge-noegd, a farm acquired by the Faure family in 1820. The farm was granted in 1696, and the fine holbol gable built in 1773, probably onto an existing house which, like Zandvliet, was originally 'H'-shaped. The werf is one of the most interesting in the Cape, and in fact consists of two developments of enclosed yards. The older one, at the back of the house, has two sides formed by one continuous thatched building.

The house and outbuildings are all well preserved and were recently rethatched, using materials growing on the farm as far as possible. To round off the day, Mr Faure invited the group to sample some of his well known wines.

The Stellenbosch District Mail,
September 17, 1976

Montagu se trots

Nog maar enkele jare gelede het die spook van straatverbreding die mense van Montagu gepla. Mense was bang om restourasiegeld te bestee aan pragtige ou boerewonings, veral aan die woelige Langstraat. Die dorp se reklamevereniging het egter nie gerus voordat die Provinsiale Administrasie die onteieningsklousule ten opsigte van daardie straat met sy rykdom van 19de-eeuse argitektuur van fraai middelgewels en eenvoudige eindgewels opgehef het nie.

Die spook is besweer. In 1974, gedurende 'n besoek van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, is die eerste ou huis, Langstraat 38, tot historiese monument verklaar.

Montagu is met reg trots op sy ses verklaarde nasionale gedenkwaardighede. Vooraan is die bekende Langstraat 38, tans ekonomies verhuur sodat die koste van die restourasie mettertyd afgewerk kan word. Uiteindelik gaan dit vir die Reklamevereniging nog 'n geldelike bate word! Wie vra vandag nog of restourasie ekonomies en die moeite werd is?

Langstraat 21 is die woning van Francois Krige, bekende kunsskilder. Voordat die erf nog gebou was, het die inwoners van ons dorp 'n groot ontvangs daar gereël vir John Montagu, Koloniale Sekretaris van Kaapland van 1834. By dié geleentheid het ons dorp amptelik sy naam ontvang.

Die Montagu-Museum was vroeër die Sendingkerk en is in 1917 gebou vir £880. Dis 'n fraaie gebou met torinkies en pilare soos wat vandag eenvoudig nooit meer gebou word nie!

Die huidige eienaar van Langstraat 24, is die bekende kunsskilder en liefhebber van ou meubels, mnr L Hosken, wat ook self die restourasie onderneem en tot ons almal se vreugde die statige ou plek gered het. Die besondere kelder wat vas teen die huis gebou is, is vandag sy ateljee.

Langstraat 13 is die eiendom van mnr Jurie Swart. Dis gebou deur 'n regstreekse afstammeling van die Hugenote. Pieter Gideon Joubert, en is een van die heel oudste en geskiedkundigste huise van die dorp. Die eerste tronkgeboutjie staan vandag nog in die agterplaas. Ook is dit natuurlik die huis waarin Pres. Kruger destyds ontvang is.

Die NG Pastorie aan Rosestraat is die trots van ons almal. Die Kerkraad besluit in 1888, ná die dood van dr Servaas Hofmeyr (wat sy eie huis bewoon het), om die eiendom aan die onderpunt van Badstraat vir 'n Pastorie aan te koop. Daar word 'n rietdakpastorie op die oostelike oewer van die Keisie gebou.

Dr D F Malan word in Montagu bevestig op Vrydag, 16 Februarie 1906. In April 1911 ontvang dr Malan 'n be-

roep uit Pretoria. Hy besluit om daarvoor te bedank. 'n Regstreekse gevolg hiervan is die bou van die groot, nuwe pastorie, soos ons dit vandag ken. Die middelgang van $3 \times 2,5$ meter, sy deurgange altesame 23 meter, sy swaar kaaithoutdeure en sy 15 buitengewoon groot vertrekke met vyf kaggels het tot stand gekom. Dis alles gebou vir £3,000. Interessant is die reusagtige plankvoorstoep, so gesellig en ruim. Mag hierdie baie besondere gebou bewaar bly.

Die Burger,
28 April 1976

Bewaringslys vir Kaap opgestel

Geboue in die Kaapse middestad wat waar behoort te word, sal binnekort deur 'n groep kenners gelys word. Die lys sal nie net historiese geboue insluit nie, maar ook geboue van besondere argitektoniese waarde, asook sekere terreine.

Die bestuurskomitee van die Kaapse stadsraad het só 'n voorstel van die Kaaplandse Instituut van Argitekte aanvaar.

Inligting op die lys, wat later in boekvorm gepubliseer sal word, sal o.m. deur studente, toeriste, stadsbeplanners en argitekte gebruik kan word.

Die voorsitter van die Instituut, mnr J Barnett, het gesê Kaapstad het as die moederstad van Suid-Afrika 'n unieke verantwoordelikheid wat die opstel van

die lys betref. Hy meen dit sal twaalf maande duur om die volledig geïllustreerde lys aan die stadsraad voor te lê. Dit sal sowat R20 000 kos, waarvan die stadsraad bereid is om R15 000 by te dra. Die Instituut van Argitekte het onderneem om o.m. die Provinsiale Administrasie te nader vir die res van die geld.

Die Burger,
24 November 1976

Mooi huis museum

Die mooi huis aan die bopunt van Waalstraat, Kaapstad, teenoor Roosstraat, wat as Maleise museum gerestoureer word, sal moontlik deur die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum in oorleg met die Maleise gemeenskap in stand gehou word.

Die geriewe- en gesondheidskomitee van die Kaapse stadsraad was tot nog toe aanspreeklik vir die beoogde museum. In 'n verslag van die stadsklerk, mnr H G Heugh, dui hy op die koste verbonde aan die museum.

Die komitee sal by die stadsraad aanbeveel dat die museum aan die Kultuurhistoriese Museum en die Maleise gemeenskap aangebied word.

Die restourasie van die huis, Waalstraat 71, is byna klaar en 'n tydelike opsiener sal aangestel word om na die terrein om te sien.

Die Burger,
7 Augustus 1976

Hierdie huis aan die bopunt van Waalstraat, Kaapstad, teenoor Roosstraat, wat as Maleise museum gerestoureer word, sal moontlik deur die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum in oorleg met die Maleise gemeenskap in stand gehou word.

Foto: *Die Burger*



Cape Town: modern planners lack strategy of old Dutch

GWEN M MILLS

Architects concerned with conservation and preservation of buildings are firmly against imitation of former styles in architecture, in any future city redevelopment. Their belief is that buildings of architectural or historic value should be preserved; and where possible in their original groups. These groups of buildings are well illustrated in the early panoramas of Cape Town and of the coastline.

During the '75 Cape Town Festival, Josephus Jones's extraordinary beautiful panorama in colour of Cape Town at the beginning of the 19th century acquired by the Rembrandt Art Foundation was on exhibition at the Association of Art's Gallery in Church Street. The panorama formed part of the Thomas Bowler exhibition.

The quality of the buildings depicted in the panorama (12 ft 6 in) prove what a comprehensive planning strategy for Cape Town had been evolved by the Dutch before 1806 when the British occupied the Cape.

Josephus Jones (1768–1811) completed his panorama in that year. The discovery of it 165 years later is of importance to the historic and architectural history of the Cape. It was made in six pieces from the roof of one of the buildings near the corner of Adderley and Strand Streets. The panorama shows the notable unity and high quality of Cape Dutch architecture of the time. How different is today's modern panorama of the same area? With no comprehensive planning strategy in the past years, and with many of the most important houses demolished, we have only pictorial Africana as seen in the Fehr collection in Rust-en-Vreugd, private collections and other galleries. We do, however, experience a nostalgic architectural assessment of Cape Town's earlier beauty, when viewing panoramas such as the Josephus Jones's masterpiece.

A verdict may be given that we have "failed either to recreate the past or to honour our own age". There is yet no accepted and approved official list of building of historic or architectural value, everyone worthy of preservation, in Cape Town. The restoration and preservation of the character of our city, when related to its buildings, is yet in the hands of too few.

Panoramas of Cape Town are important. Josephus Jones's magnificent work is given pride of place in Alfred Gordon-

Brown's book *Pictorial Africana*. In colour the panorama is also used as the dust cover. Jones's drawings were of inestimable value to Mr Gawie Fagan when the Tuynhuis in the Gardens was restored to its former, glory based on drawings dating to the Dutch East India Company times and done by Josephus Jones.

The Cape coastline too has not been neglected. Barclay's National Bank, Adderley Street, have in their possession two framed coloured lithographs joined in the centre to form one long panorama, entitled *Panorama de la Simon au Cape de Bonne-Esperance, pris du Mouillage de la Venus*.

This panorama of Simon's Bay, Cape of Good Hope was bought by the bank in London from The Parker Gallery in Albermale Street, the oldest firm of picture and print dealers in the city. The original is by Sabatier after Menard and was published circa 1830.

The Simon's Bay panorama hangs in one of the finest buildings in the city. If it is established that the building was the last erected in South Africa, to be designed by Sir Herbert Baker, Barclay's Bank building in Adderley Street will carry the blue plaque of the Simon van der Stel Foundation.

At the Michaelis Art Gallery, Greenmarket Square, during the Cape Festival another panorama was on exhibition. It consisted of seven loose sheets drawn by Lady Anne Barnard. The panorama appears in D Fairbridge's *Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope 1797-1802*.

The important details of this photographic exhibit of the original panorama, were compiled by Professor D Bax. The seven loose sheets comprising the panorama, showed the interesting detail of the magnificent original watercolour by Lady Anne Barnard.

In view of the historic value of the site now being excavated on the remains of a tree-lined gracht in central Cape Town – The Golden Acre, an early watercolour sketch a portion of an unfinished panorama by W J Burchell is of great interest. Reproductions of these panoramas should be placed on the walls of one of the contemplated pedestrian street malls where the closing and repaving of existing streets is under consideration by the City Council. There is so much to be said for the quality of these early buildings depicted on historic panoramas, but since lost in ambitious schemes – called comprehensive redevelopment.

Colesberg behou die oue

Colesberg is 'n ou dorp met 'n ryke verlede. In die voorposdae en nog later tydens die diamant- en goudstormlope, was dit 'n bedrywige knooppunt tussen die Noorde en die Suide. In stiller tye daarná het die dorp veel van sy kleur verloor. Baie van die ouer geboue in die kenmerkende Karoostyl ken hul plek nie meer en die karakter is groten-deels daarmee heen.

Nou, danksy 'n klein groep van ywerige bewaarders, is daar 'n beweging om tog nog te red wat daar te red is.

Die Historiese Vereniging, onder voorsitterskap van mnr Taetse Vorster kry dinge gedaan: hulle maak werk van die dorp se enigins verwaarloosde museum en skroom nie om hulp van buite in te roep wanneer hulle projekte soos onder meer die identifikasie en restourasie van outentieke straatbeelde aanpak nie.

Mnr Vorster, baas van die historiese plaas Ketelfontein wat al geslagte lank in sy familie se besit is, se geesdrif werk aansteeklik. Sy plaashuis, van binne en van buite, is 'n goeie voorbeeld van hoe die mooi, bruikbare oue funksioneel behoue kan bly.

Mnr Vorster het ons op 'n toer deur Colesberg geneem en ons oë oopgemaak vir die eenvoudige skoonheid wat daar nog is – al sy dit op plekke agter aanplakself en tekens van verwaarloosing.

Een hele blok van Bellstraat is nog uitnemend geskik vir bewaring. Dié straatjie kan met min moeite en koste geres-toureer word om te lyk soos dit in die vorige eeu daar uitgesien het. Die plan is dat eienaars wat die wil het om te restoureer, dié ou huisies met hul reguit gewels en oop klipstoepe aanskaf en die nodige doen.

In 'n systraat van die dorp is daar nog 'n goed bewaarde ou pakkamer wat aange-merk staan vir restourasie. Die dubbel-verdiepinggeboutjie was vergange 'n perdestal, kompleet met plek vir die koets. Bokant die solderdeur is nog die balk wat gebruik is om die voer en ander voorrade op te hys.

In hierdie gebou sal 'n perdemeul ge-huisves word. Die meul, nog in 'n goeie toestand, word ingebring van die plaas Sewefontein wat nie meer bewoon word nie. Dit is waarskynlik die beste voor-beeld in Colesberg se distrik van 'n plaaswoning uit die vorige eeu, 'n sier-lyke ou ommuurde gebou met strak lyne en deure en vensters suiwer in proporsie. Omheen is nog die werf met sy sipres-en olienhoutboom, buitegeboue op die plekke waar hulle moet wees en 'n groen lushof van vrugte- en populierbome onderkant die fontein. Rondom die groentetuin staan die klipmuur nog. Bewaring van die geheel, miskien om as gastehuis vir toeriste te dien, sou oor en oor die moeite werd wees, meen mnr Vorster.

Op Colesberg bestaan daar al 'n mooi versameling van gebruiksvorwerpe en implemente uit die voortyd. Dit word op die oomblik gehuisves in die ou NG Sendingkerk en sal binnekort verskuif word na 'n waardige tuiste: die dorp se eertydse Distriksbankgebou.

Die Burger,
17 November 1976

Hoop op Constantia

Hoop op Constantia, 'n geskiedkundige plaaswoning wat eens op 'n tyd aan die Colyn-familie behoort het en wat tans deel vorm van Groot Constantia, is in 1969 aan die SA Kultuurhistoriese Museum oorgedra en word as museum ingerig.

Vanweë 'n geldtekort is daar nog nie 'n begin gemaak met die werk aan Hoop nie. Baie herstelwerk en restaurasie moet nog aan die gebou gedoen word. Hierdie werk word deur die Departement van Openbare Werke onderneem. Die behoorlike meubilering van die huis lewer ook moeilikhede op, aangesien voorwerpe aangekoop moet word uit die Museum se ontoereikende Aankopefonds. Tot tyd en wyl Hoop gereed is vir besigtiging deur die publiek, word dit as pakhuis gebruik.

Die Museum het onlangs toestemming verleen aan Musiqua Antiqua, 'n groep musici sonder winsoogmerk wat spesialiseer in musiek uit vroeëre jare, om hul waardevolle versameling instrumente by Hoop op te berg en daar repetisies te hou.

Hoop het uitmuntende akoestiek, wat by uitstek geskik is vir die musiek wat deur hierdie groep gespeel word, en gedurende 1975 is etlike geslaagde konserte daar gehou. Die groep het reeds plaatopnames laat maak van musiek uit die tyd van Van Riebeeck en Van der Stel, en hulle sal na verwagting in 1976-77 beskikbaar wees. Die opnames sal by Groot Constantia verkoop word.

Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het die Museum meegedeel dat beoog word om Hoop op Constantia tot Historiese Monument te laat verklaar.

Verslag van SA Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad, Maart 1976

Society's visit to Paarl

One May day in 1976, 44 members of the Simon's Town Historical Society, armed with picnic baskets, umbrellas and macs, set off in a touring bus to Paarl. We

were to be the guests of the Simon van der Stel Foundation (Upper Berg Regional Area). The heavy grey clouds seemed to get more threatening with each passing kilometre and as we approached our destination the heavens opened and it poured with rain.

Our spirits rose, however, when we were welcomed by a cheerful Mr David Jordaan at the entrance to Paarl. After supplying us with refreshments and giving us a potted history of the picturesque valley, which was settled by Dutch colonists in 1687 and by the Huguenots a year later, we continued down the main street to the Old Parsonage Museum. It is situated next to the Toringkerk and was built in 1787. Mrs Wells, the resident guide and curatrix, showed us a priceless collection of old Dutch silver, exquisite needlework, samples of 18th century dresses, also furniture and kitchen utensils, including a rolling pin made of stinkwood and an iron griddle that had the recipes cast in the lid.

Passing the Gideon Malherbe House, where the first Afrikaans newspaper "Di Patriot" was printed, we arrived at the DR "Strooidak" Church. Incidentally it was in the Paarl valley that the Afrikaans language was born, with the inauguration in 1875 of the Genootskap van Regte Afrikaners; we saw the graves of some of the original members later in the day at Daljosafat.

We spent quite a long time in the DR Strooidak Church; it was inaugurated in 1805 and is the oldest church building still in use in the country. Piet Retief, one of the Great Trek leaders, and his family used to worship here and his sister is buried in the adjoining graveyard.

The rain by this time had stopped and we were able to look up from the town and see the huge granite rock on the mountainside; the Pearl after which the town is named. We continued through restful streets lined with stately oaks and flanked by well kept vineyard, past the KWV centre "La Concordia" and on to Nederburg Estate.

(As a slight digression, the writer's grandfather, Mr B Bishop, emigrated from Cornwall and started a granite quarry in Paarl which he also called "La Concordia". The bus was kindly diverted to pass by my granpa's old home which, quite naturally, was built of granite.)

The Nederburg Estate lies in the Daljosafat Valley and was built in 1800. In 1937 a German named George Graue bought the old farmstead and renovated it; he also established a world-wide reputation for the wines produced on the estate. After sampling some of the "bottled sunshine" we retired to one of the fragrant cellars to eat our picnic lunch, with beautifully carved vats standing as silent sentinels.

Suitably fortified, we continued our journey through the Daljosafat Valley with its old homesteads, some in good

order but some sadly in need of care and attention. Here we came to a little old schoolhouse where pupils were taught in Afrikaans for the very first time. After visiting the small graveyard nearby we motored on to "Schoongezicht", the home of Mr and Mrs Louw. The house was built in 1694 by Abraham Viviers and still has its original yellowwood and stinkwood doors, yellowwood ceilings and beams. It was the birthplace of Sarel Celliers, a famous Voortrekker leader.

One often hears about the farmers' hospitality; well here we surely enjoyed it! Mrs Magriet Louw supplied us with an afternoon tea second to none. The table groaned under a load of Afrikaner home cooking that stopped the Society members chattering for quite some time. And that real farm cream . . .

Although the afternoon was passing all too rapidly we could not leave Paarl without a visit to the Afrikaans Language Monument, erected on the southern end of the Paarl Mountain. Constructed of granite taken from its surroundings and bound with concrete, it features a rising wall which gradually merges into a covered corridor and eventually into the tall hollow pillar that can be seen so clearly from kilometres around.

With our minds full of capacity with this country's early history and greatly impressed with the cleanliness and tidiness of this beautiful town, we embussed, weary but happy, for the return trip to Simon's Town.

G H
Simon's Town Chronicle,
October, 1976

Langstraat behou sy siel

Die Sendinggestig in Langstraat, Kaapstad, wat nou al meer as 'n halfeeu bedreig word, is vir die nageslag gered.

Die Kaapse Provinsiale Administrasie het tussenbeide getree en verseker dat hierdie gebou nie gesloop sal word nie, maar sal bly voortbestaan as 'n museum. Die lof vir hierdie prestasie kom 'n aantal persone toe wat in die raad van trustees dien en alles in die stryd gewerp het om die slooping te verhinder. Hulle, saam met die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Administrasie, en mnr H M Bowman, eienaar van die hotel Metropole en van die Sendinggestig, wat 'n veel laer prys aanvaar het as die aanvanklike, is die mense wat daarvoor verantwoordelik is dat die gebou behoue bly. Mnr Bowman het die Sendinggestig oorspronklik gekoop om sy hotel te vergroot.

Die knoop is egter nog nie finaal deurgehaak nie. Van die huidige koopprys, R310 000, is die Provinsiale Administra-

sie bereid om R250 000 oor 'n tydperk van 25 jaar af te betaal, mits die trustees hierdie geld êrens kan leen. Hoewel die lening nog nie finaal aangegaan is nie, is dit seker dat die geld wel beskikbaar sal wees.

Die orige R60 000 sal deur die fondsin-samelingskomitee gekry moet word. Hoewel dit in die eerste oogopslag nie te moeilik lyk nie, is daar egter ook probleme: daar is reeds R40 000 in die fonds, sodat daar nog R20 000 ingesamel moet word.

Maar om die museumkomitee, wat nog saamgestel moet word, te vrywaar van toekomstige verpligtinge en uitgawes, is besluit om 'n bykomende R60 000 in te samel. Die totale tekort beloop dus R60 000.

Een van die maniere waarop die trustees onmiddellik geld wil insamel, is met die verkoop van die met die hand gekleurde afdrukke van die Sendinggestig deur John Hall.

Vyfhonderd van hierdie afdrukke, genomer en geteken, is teen R10 en 50c se posgeld per stuk te koop. Elkeen wat een koop, sal nie net die plesier kan hê van die druk nie, maar kan dit beskou as 'n klein kwitansie vir die bydrae tot die behoud van 'n stuk van ou Kaapstad.

Die afdrukke kan bestel word by: Die Sendinggestig-Trustfonds, Sanlambank Bpk., Posbus 653, Kaapstad, 8000.

Die Beeld,
18 November 1976

Ravenswood gered

Ravenswood, die enigste bekende voorbeeld van die laat-klassieke Georgiïaanse boustyl aan die begin van die negentiende eeu in Kaapstad, gaan beslis gerestoureer en in die toekoms nuttig gebruik word as deel van die Kaapstadse Hoërskool.

Menige bewaringsbewuste verbyganger in Hatfieldstraat het seker al gewonder hoe dit moontlik is dat 'n gebou met die wapen van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede daarop in so 'n verwaarloosde toestand kan wees.

Nader ondersoek het getoon dat heelwat werk sreeds gedoen is om die gebou van verdere verval te red en teen die wind en weer te beskerm.

Die Provinsiale Administrasie se Direkteur van Werke, mnr. R A Cunninghame, het gesê die mure en dak van die gebou is sowat drie jaar gelede versterk. As dit nie gedoen is nie, sou dit nou reeds inmekaar geval het. Die restourasiewerk maak deel uit van die derde fase van verbetering aan die Kaapstadse Hoërskool en sal ná volledige restourasie vir musiekonderrig gebruik word.

Mnr John Boyd, die argitek van die hele projek, het gesê Ravenswood is ná die groot aardbewing van 1809-1810 gebou. Dié aardbewing het die gewels van die huise in die gebied laat omval en M A de Kock het toe 'n plan van die Georgiïaanse boustyl uit Engeland ingevoer, dit aan-

gepas en agt tot tien huurhuise in dié styl in Hatfieldstraat gebou. Ravenswood is die enigste wat bly staan het.

Die gebou is toegelaat om ses jaar lank ongehinderd deur die reën en wind verweer te word sodat baie skade aan die mure en houtwerk aangerig is. Versterkings aan die mure en dak ten bedrae van R40 000 word nou uitgevoer en sal hopenlik in September voltooi wees.

Mnr Boyd het gesê die volledige restourasie sal na raming nog R40 000 kos. Wanneer dit gedoen word, sal van die beskikbaarheid van die nodige geld afhang.

Die reën het reeds baie skade aangerig deurdat die Baltiese dennehout-vloere en geelhoutbalke van die dak verrot het. Die plafon van die grondverdieping het taamlik goed behoue gebly en sal gerestoureer kan word. Die balke en vloere moet egter vervang word.

Van die trap wat uit kaaat- en eikehout gemaak is, het min oorgebly nadat vandale en bergies dit gesteel het. Dele daarvan is gelukkig teruggevind sodat genoeg besonderhede beskikbaar is om die oorspronklike trap getrou na te maak.

Ná voltooiing sal Ravenswood een van die mooiste gerestoureerde geboue in Kaapstad wees, te meer omdat daar betreuenswaardig min uit dié tydperk oorgebly het, het mnr Boyd gesê.

Die Burger,
22 Junie 1976


Sendinggestig, Kaapstad.

Foto: *M.W. Marsh*



Ravenswood in Hatfieldstraat, Kaapstad wat jare lank aan die wind en weer oorgelaat is en erg verweer het, gaan nou van verdere agteruitgang gered word. Die Provinsiale Administrasie gaan dit volledig tot sy vorige skoonheid restoureer. Ravenswood wat aan die begin van die negentiende eeu opgerig is, is in Mei 1971 as nasionale gedenkwaardigheid geproklameer.

Foto: *Die Burger*



Gwen Mills talks to Jonathan Wood

Mr Jonathan Wood, a member of the Cape Town Regional Committee, of the Simon van der Stel Foundation, considers that restoration should not be undertaken if it is to be based on guess work or sentimentality. He was fastidious and critical in his research prior to the restoration of his historic home, Westoe, at Mowbray. He has travelled widely and feels that the charm of the traditional Cape homestead has few equals anywhere.


In thinking of Westoe and the adjacent farms in terms of history, one's mind goes back to the first lands granted by Van Riebeeck along the Liesbeeck (then the Amstel) river, which itself formed a natural boundary between the Dutch East India Company's settlement and the Cape flats.

In 1661 the farm Coornhoop (Hope of Corn) was granted to Thielman Hendricks. In 1741 the farm was enlarged by an addition to the north, and finally, in 1785 it was divided into three portions. The centre portion (which was the northern section before the 1741 addition) became the property of Francois Pieter de Necker, and it was he who built the house we now know as Westoe. De Necker first built his house on the T-plan. Very soon, however, he added a room to the southern side of the tail of the T. Apparently still unsatisfied, he added, a few years later (about 1800), a room to the north side of the tail of the T, thus making the house into an H-shape.

Mr Wood explained that there are two rooms on the front portion of the house which are built purely of ant-heap cut into square blocks. These may be considerably earlier than 1785 and could possibly have been outbuildings on the Coornhoop farm. If this is so, De Necker simply incorporated them into his new house.

During, probably, the third quarter of the 19th century the two north wings of the H-plan were lengthened quite considerably. Many of the casement windows were replaced by sash windows of the period, and additional sash windows installed.

In 1892 the property was bought by H W Struben who then "modernised" the house even further. Now it was the turn of the sash windows to be replaced by French doors! New interior walls divided the old rooms and formed passages where none had existed (The City Council contract for the installation of electrical wiring in the house dated 21 July, 1926, states that there were fifteen bedrooms!) Prior to these inno-



Restored historic home, Westoe, Mowbray, Cape Town

ventions, the high pitched thatch roof had been replaced by corrugated iron on roof timbers of a much lower pitch, and, as so often happened during this operation, the gables were "clipped".

Restoration

In describing the procedure adopted when first tackling the house, Mr Wood emphasised the importance of removing much of the plaster from the walls. This revealed a fairly full structural history of the house and the vicissitudes which it had suffered in its long life.

Brickwork of different periods, recognisable by size, type, and consistency, told the interesting story of the additions previously mentioned. Lintels beneath which windows had once been, were found still embedded in the walls, the window "reveals" still intact, but the openings blocked up with later brickwork. Fortunately both the sash windows, and the Victorian French doors which replaced them, were not as wide as the original double casement windows.

